Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 22: *Vayak'hel* **(**ויקהל): Bymekaar Roep

Moshe het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el bymekaar laat kom en vir hulle gesê: "Hierdie is die dinge wat יהוה *julle beveel het om te doen.* Ex. 35:1 – PWL[1]

Torah: Exodus 35:1 tot 38:20

Haftorah: 1 Kon. 7:13 tot 26 en 40 tot 50.

Nuwe Verbond: Heb. 8:1 tot 5; Heb. 9:1 tot 28; Heb. 10:26 tot 31; 2 Kor. 9:1 tot 15; 1 Kor. 3:9 tot 17; 1 Kor. 12:4; Jak. 1:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 22 wat afgelaai kan word by: Parashah22Notas14 of by Parashah22Notas15.

Great faith is the product of great fights. Great testimonies are the outcome of great tests. Great triumphs can only come out of great trials – Smith Wigglesworth.

Searching for Truth requires Effort – Accepting Truth requires Humility – Teaching Truth requires Knowledge – Defending Truth requires Heart – Living Truth requires Dedication – Standing for Truth requires Courage – Standing 'in' Truth requires the Calm Resolve of Wisdom in the Torah of Yahweh.
There have been many things reinforced as true 'Knowledge' over and down thru the years. But I have learned that 3 things about truth: Volume will never make a lie a Truth, Repetition will never make a lie a Truth and Ignoring the details of the Truth will never make you Honest – Torah Without Rabbinics.

Truth heals. Truth transforms. Truth prevails. You don't change truth. Truth changes you – Shane Idleman.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word..

The presence of truth tellers always makes truth deniers uncomfortable – Hal Lindsay.

There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegraad.

It is better to declare the truth and be rejected, than to withhold it just to be accepted.

Torah Bespreking

Die Waarheid Reg Sny

Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig. 2 Tim. 2:15.

In die 1953 vertaling lees dit: *Lê jou daarop toe.....om die waarheid reg te sny*. Die letterlike betekenis volgens die Grieks is *om 'n reguit snit te maak.*

In die King James word dit soos volg vertaal: *rightly dividing the word of truth*.

Die betekenis van hierdie teksvers is egter nie net om oor die vermoë te beskik om te kan onderskei tussen die waarheid en die leuen nie, maar kan die beste ook soos volg beskryf word:

Discernment is not simply differentiating between right and wrong; but includes discerning to know the difference between right and almost right. (Adapted from C.H. Spurgeon).

Ons moet dus kan onderskei of dit wat ons as waarheid beskou die absolute suiwer waarheid sonder enige titseltjie van leuen is, want slegs dan is dit die absolute waarheid. 'n Titseltjie van onwaarheid saam met waarheid is nie meer die absolute waarheid nie, maar wel 'n halwe waarheid.

Maar die betekenis van hierdie teksvers is ook om die waarheid reg te sny – reguit te verkondig! Dit beteken om die waarheid te 'dissekteer', naamlik om dit te ontleed (te ontrafel, te verklaar) met die doel om by die dieperliggende – die verskuilde en meer omvattende – betekenis uit te kom!

Dit is tot lof en eer van God om 'n saak geheim te hou, maar die eer en lof van die koning is om die saak te ondersoek. Spr. 25:2

Daarom moet ons ten opsigte van die waarheid aanhou vra, soek en klop dat die Afgesonderde Gees ons die absolute waarheid van YHVH se Woord sal leer en ons daarvolgens sal lei! Yeshua het gesê (Matt. 7:7 en 8):

Hou aan om te vra en dit sal vir julle gegee word; hou aan om te soek en julle sal vind; hou aan om te klop en daar sal vir julle oopgemaak word, want elkeen wat aanhou vra ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word.

Wanneer ons met die waarheid in YHVH se Woord gekonfronteer word, word ons gedwing om `n besluit te neem, want die Woord gaan ons oordeel. Yeshua het gesê:

Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. Joh 12:48.

YHVH het deur Moses ook vir Israel daaraan herinner:

Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. ***Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie.*** Deut. 18:18 en 19.

Die Afgesonderde Skrifte is YHVH se Woord (Sy boodskap) en is die absolute waarheid en YHVH self sal rekensakp afeis van elkeen wat dit nie glo en nie daarvolgens lewe nie:

Vader, sonder hulle af in U waarheid, want U boodskap is die waarheid. Net soos U My in die wêreld ingestuur het, net so het Ek hulle ook in die wêreld ingestuur en Ek sonder Myself af vir hulle sodat hulle ook in waarheid afgesonderd kan wees. Joh. 17:17 tot 19

Eie kennis, insig en oortuigings, asook emosies en tradisies moet nooit `n plaasvervanger vir die waarheid word nie. Daarom moet ons besef dat enige mens se poging om die waarheid reg te sny, is 'n menslike poging om die waarheid te 'dissekteer' (te ontrafel, te verklaar) en is daarom nie noodwendig die absolute waarheid nie. Daarom moet ons versigtig wees vir die oorlewering en leerstellings van mense (Kol. 2:8; Matt. 15:1 tot 9). Dit is dan ook die rede hoekom ons met mekaar kan verskil oor die reg sny van die waarheid. Hierdie verskille is aanvaarbaar, solank ons vertrekpunt dieselfde is, naamlik dit wat in die woord van YHVH geskryf is.

In ons soektog na die waarheid maak ons dikwels gebruik van die pogings van mense om die waarheid reg te sny. Hoewel hierdie baie handig te pas kan kom, moet dit altyd aan die hand van die Skrif self getoets word. Ons moet die gesindheid van die Bereane openbaar, naamlik:

Hierdie Jode was meer edel as dié in Thessalonike; hulle het elke dag die boodskap met gretigheid ontvang terwyl hulle uit die Skrifte onderskei het om te sien of hierdie dinge so was. Hand. 17:11

Ek probeer ook om die waarheid reg te sny, maar ek besef ek is 'n mens wat steeds *moet groei in die onverdiende guns en kennis van ons Meester en Verlosser, Yeshua, Die Gesalfde Een en van God-die-Vader, aan Wie die eer, lof en aanbidding nou en altyd toekom tot in ewigheid* (2 Pet. 3:18). Daarom eindig ek al my notas en artikels met die versoek: *maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

'n Onrusbarende tendens

In die Messiaanse Beweging bespeur ek egter 'n onrusbarende tendens, naamlik dat gelowiges wat Yeshua as Messias bely sommige dele van die Skrifte van die nuwe verbond bevraagteken en selfs verwerp. Die oorsaak hiervan kan meestal teruggevoer word na die invloed van Rabbynse Judaïsme. Al hoe meer geestelike leiers in die Messiaanse Beweging het skuld hieraan, want hulle verkondig dat die huis van Efraim by die huis van Juda die Vader se Torah moet gaan leer. Die gevolg van langdurige blootstelling hieraan is dat die absolute waarheid van die Skrifte van die nuwe verbond verwaarloos word en dat dele daarvan uiteindelik bevraagteken en verwerp word.

Diegene wat in hierdie slagyster getrap het, sal nooit die waarheid reg kan sny nie – reguit kan verkondig nie!

'n Tipiese voorbeeld is ten opsigte van die brief aan die Hebreërs wat dit baie duidelik maak dat die Melgisédek priesterorde die Levitiese priesterorde vervang het. Daar is diegene wat

weier om hierdie waarheid te aanvaar en hardkoppig vashou aan ‘n Levitiese priesterorde en ‘n derde tempel wat gebou gaan word. Die rede is dat Rabbynse Judaïsme nie hierdie opebaring van die skrywer van die brief aan die Hebreërs deel nie. Gevolglik word die woorde van Rabbynse Judaïsme as ‘n groter waarheid beskou as die Skrifte van die nuwe verbond deur diegene wat die huis van Juda as hulle leermeester beskou!

Maar laat ons eerlik wees: Hoe kan Rabbynse Judaïsme die waarheid sonder Yeshua en sonder die Skrifte van die nuwe verbond reg sny – reguit verkondig? Dit is ‘n saak van onmoontlikheid!! Daarom is Rabbynse Judaïsme die suurdeeg – die valse leerstellings en verdraaide waarheid – waarteen Yeshua ons gewaarsku het.

maar Hy sê vir hulle: “Let op na en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.”
Hoe is dit dat julle nie verstaan dat Ek nie oor brood met julle gepraat het nie, maar om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs?”
Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:6, 11 en 12

Bepeins of Bespreek

1. David Perry skryf die volgende:

   Because of their Torah disregarding and/or minimizing theology, what the Church has produced the most of, instead of ‘fully equipped disciples’, is ill-equipped Spiritual Schizophrenics. A ‘schizophrenic’ has ten fingers, ten toes, two eyes, two legs, a mouth, a nose, etc. in short he looks normal, but his view of reality is not reality. In the same way these ‘Spiritual Schizophrenics’ have a view of religious reality that does not reflect biblical reality. Plainly; religious adherence is not the same as Scriptural Obedience. The highly sophisticated ‘Rabbinics’ of Judaism have their polished version of this same ‘Spiritual Schizophrenic’ scenario.

2. In sy artikel ‘The Rightly Dividing Point’ skryf David Perry ook die volgende:

   Most of us that have found the Hebrew roots of the Christian faith have a Church background or upbringing of some kind. We all have had to repent and turn from many things – That learning-awareness-repenting process is not over. In some cases there are those with very little to no background at all; which may be a plus when coming to the truth for there is nothing to unlearn or defend. We all must realize that we are to be on that straight and narrow path (Mt. 7:13), neither turning to the right or the left (Deut. 5:32; Prov. 4:27). It is crucial to realize that there is a Christian ‘Church’ ditch on one side and a ‘Rabbinic’ Jewish ditch on the other – that must be avoided.

3. Ina van Niekerk (inavniekerk@gmail.com) skryf in ‘n e-pos die volgende:

   Almal wil waarheid hê en niemand wil graag glo dat hy/sy dit nie het nie. Daar is baie “Skyn-soos-die-waarheid” leringe beskikbaar, maar daar is net een Waarheid en dit is in JaHUHsa Messias as ons MelekTzadek, ons groot Hoë Priester.

   Nooi mense in jou ‘Huis van Lering’ in wat nie in Hom glo nie, en jy kan **verseker** wees dat jy mislei gaan word. Die Woord waarsku daarteen in 2 Joh. verse 7 tot 11:

want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie; hy is 'n misleier en teëstander teen Die Gesalfde Een.
Gee aandag aan julle lewe dat julle nie enige iets verloor waarvoor julle gewerk het nie, maar dat julle 'n volle loon kan ontvang.
Elkeen wat 'n oortreder is en nie aanhou in die leer van Die Gesalfde Een nie; God is nie in hom nie. Hy wat aanhou in Sy leer, hy het die Vader sowel as die Seun.
As iemand na julle toe kom en nie hierdie leer bring nie, moet hom nie in die huis ontvang nie en nie vir hom sê, "welkom aan jou," nie,
want hy wat vir hom sê "welkom aan jou," het deel aan sy bose dade.

Spr. 14:12 – *"Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."*

Daar is 'n "**ander evangelie**" by diegene wat nie JaHUsha as Messias glo nie. Die Woord waarsku daarteen:

maar ek is bang dat, net soos die slang vir Havah deur sy listigheid mislei het, julle denke net so korrup gemaak is, weg van die eenvoudigheid wat by Die Gesalfde Een is, want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word. 2 Kor. 11:3 en 4.

Matt. 24:5 *"Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is Messias! En hulle sal baie mense mislei."*

Mense (soos die meerderheid hedendaagse Jode) wat nie in Messias JaHUsha glo nie, moet ge-evangeliseer word, en nie hulle vir jou nie. Tog is dit teen die wet in die Staat van Israel. Pasop waaraan jy jou gemoed blootstel. Die Vyand/Anti-messias is nie daar ver buite nie, maar …….. in die kamp…… van die Hebreeuse wortels.

Moet geensins jou Brit Chadashah (Nuwe Testament) verwaarloos nie, maar eet dit op, want dit is die Torah van Messias JaHUsha wat 'n vervulling is van die Torah van Moses (Matt. 5:17, Gal. 3).

In Messias is daar geen Jood/Griek nie (Gal. 3:21). Dis waar die 2 Huise een word, nie in Judaisme nie.

Wees bewus van 2 Thess. 2 en 3. Daar is wolwe in skaapsklere!

[Einde van e-pos]

4. In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond bevestig (openbaar gemaak). Hoe kan die waarheid van die Skrifte van die nuwe verbond dan enigsins bevraagteken word?

5. Ons moet altyd onthou dat dit Juda was wat voor Josef gebuig het. Dit is daarom die huis van Efraim (Josef) wat die huis van Juda moet leer aangaande Yeshua as die Messias en as die ewige Melgisédek Hoofpriester. Tot hede verstaan Rabbynse Judaïsme egter nie die woorde van Yeshua aan die Fariseërs toe Hy gesê het: *Maar as julle Moses geglo het,*

sou julle My glo, want hy het van My geskrywe (Joh. 5:46). So ook is dit belangrik om te onthou dat ons voorvaders is Abraham, Isak en Jakob en nie die vaders van Rabbynse Judaïsme nie!! Daarom is ons Hebreeuse Wortels te vinde in Abraham, Isak en Jakob, asook in die bladsye van die Tanakh (ou verbond). Ons Henreeuse wortels is nie te vinde in Rabbynse Judaïsme nie!

Bymekaar Roep

Ons Torahskriflesing van hierdie week begin met Moses wat die volk, naamlik die hele vergadering van Israel, bymekaar roep. Die Hebreeuse werkwoord vir *bymekaar roep* is *qahal* (קהל). As selfstandige naamwoord is dit in die Grieks vertaal as *ekklesia* wat verkeerdelik vertaal is as *kerk*. Die betekenis van *ekklesia* is egter *die uitgeroepenes* naamlik die wat geroep is om vir ‘n doel bymekaar te kom soos ‘n vergadering wat belê word. Die Hebreeuse woord vir *die hele vergadering* is *adat*, (עדת) en is afkomstig van die grondwoord *adah* (עדה) en het te doen met dit wat aangewys word.

Volgens Torah was Israel die *qahal* en die *adat* van YHVH. Die boek van Handelinge is slegs die voortsetting hiervan met Yeshua as Koning en as ons Melgisédek Hoëpriester. Die ‘kerk’ het dus nie in die boek van Handelinge begin nie!

Moses het die hele vergadering van israel bymekaar laat kom om vir hulle twee baie belangrike opdragte te gee, naamlik:

Eerstens het Moses die bevel om YHVH se Shabbat te gedenk herhaal. In verlede week se parashah was ons ook daaraan herinner om die shabbat te gedenk en dit af te sonder (te heilig), want dit is ‘n ewige teken en verbond tussen YHVH en Israel.

Onderhou daarom die Shabbat, want dit is vir julle afgesonder. Hy wat dit verbreek, moet die dood sterf, want wie ook al daarop werk doen, dié persoon moet afgesny word vanuit sy volksgenote.
Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is daar ’n Shabbat van volkome rus, afgesonder tot יהוה*. Wie ook al enige werk doen op die Shabbatdag, moet die dood sterf;*
daarom moet die seuns van Yisra’el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as ’n ewige verbond.
Dit is ’n ewige teken tussen My en die seuns van Yisra’el, want in ses dae het יהוה *die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris.’”* Ex. 31:14 en 15.

Tweedens herinner Moses die volk weereens dat YHVH van elkeen ‘n gewillige en vrygewige hart verlang. Ons het reeds hiervan geleer in Ex. 25:1 tot 7 en dit in parashah 19 en 20 bespreek. Nou in Ex. 35:4 en 5 herhaal Moses hierdie woorde van YHVH!

Moshe het met die hele vergadering van die seuns van Yisra’el gepraat en gesê: “Dít is wat יהוה *beveel en gesê het: Vat vanuit julle ’n bydrae aan* יהוה*. Laat elkeen met ’n gewillige verstand, wil en emosie dit bring as ’n bydrae aan* יהוה.

Die bydrae (*terumah*) vir die bou van die tabernakel (*mishkan*) was dus ‘n hartsaak, naamlik om volgens hartsbegeerte aan YHVH te gee sonder om die kosteberekening te doen. YHVH ontvang graag dit wat met ‘n gewillige en vrygewige hartsgesindheid gegee word.

Elkeen gee soos hy besluit het in sy verstand, wil en emosie, nie treurig of uit verpligting nie, want God het ’n vreugdevolle gewer lief. 2 Kor. 9:7.

Soos voorheen bespreek is, is die les wat ons hieruit leer dat die bou van die tabernakel ‘n hartsaak van die hele volk was. Daarom moet die ‘bou’ van ons liggaam as tabernakel ook ‘n hartsaak wees, asook die ‘bou’ van die liggaam (die gemeente) van Yeshua! Elke gelowige in Yeshua word bymekaar geroep om met ‘n gewillige verstand, wil en emosie ‘n bydrae te lewer!

In Ex. 35:5 tot 29 word ‘n lys gegee van alles wat Israel kon bring vir die bou van die tabernakel. Let daarop dat dit was die egte, die kosbare en die duursame dinge wat Israel gebring het. Hierdie het egter nie net die materiële dinge behels nie, maar ook die gewilligheid om hulle kunsvaardigheid aan te bied vir die bou van die tent van samekoms. So lees ons byvoorbeeld in Ex. 35:25 tot 26 aangaande die vroue:

Elke vrou wat kunstig was, het met haar eie hande gespin en dit wat sy gespin het gebring: die blou, pers en bloedrooi materiale en die fyn wit geweefde linne. Al die vroue wie se wil en denke hulle opgewek het deur kunstigheid, het die bokhaar gespin.

Aangaande die manne lees ons in Ex. 36:1 tot 3 die volgende:

B’tzal’el en Oholi’av en elkeen wat kunstig is, in wie יהוה wysheid en begrip gegee het om te weet hoe om al die werk tot diens van die Afgesonderde Plek te doen, moes dit maak net soos יהוה beveel het.

Moshe het B’tzal’el, Oholi’av en elkeen wat kunstig was, in wie se wil en verstand יהוה wysheid gegee het, geroep; elkeen wie se wil en verstand hom opgewek het om die werk te kom doen.

Hulle het al die bydraes, wat die seuns van Yisra’el vir die uitvoer van die werk by die maak van die Afgesonderde Plek gebring het, vanaf Moshe ontvang en hulle het oggend na oggend steeds vir hom vrywillige offergawes gebring.

Israel se verlange na YHVH se teenwoordigheid wat in hulle midde sou woon, was so groot dat hulle met blymoedigheid van die beste wat hulle besit het, gegee het, en eensgesind saamgewerk het om die tabernakel te bou. Maar Israel se ywer en vrygewigheid was sodanig dat Moses bevel moes gee dat die volk moet ophou om offergawes te bring!

Al die kunstige manne wat met al die werk by die Afgesonderde Plek besig was, man vir man, het van die werk waarmee hulle besig was afgekom

en hulle het met Moshe gepraat en gesê: “Die volk bring meer as wat nodig is vir die uitvoering van die werk wat יהוה ons beveel het om te doen.”

Moshe het bevel gegee en hulle het dit deur die kamp bekend gemaak en gesê: “Laat geen man of vrou verder enige werk doen in verband met die bydraes vir die Afgesonderde Plek nie.” Die volk is so teruggehou om te bring,

want die materiaal wat hulle gehad het, was meer as genoeg om al die werk te doen.

Ex. 36:4 tot 7.

Het ons hierdie gesindheid van Israel van ouds wanneer ons bely dat ons vandag individueel en korporatief die tempel van YHVH is? Gee ons met ‘n vrygewige en blymoedige hart om YHVH se gemeente – Sy geestelike tabernakel wat die fisiese tabernakel vervang het – te bou en te onderhou?

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ’n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1 Pet. 2:5.

Soos voorheen reeds bespreek is, is ons nou kinders van die familie van YHVH wat opgebou word op die fondasie van die apostels (afgevaardigdes) en die profete met Yeshua wat self die hoeksteen is. In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot ‘n afgesonderde tempel in eenheid met YHVH en ‘n woning van die Gees van Afsondering!

Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.
***Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou**.*
***In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot ’n afgesonderde tempel** in eenheid met* יהוה
terwyl julle ook vir Hom gebou word tot ’n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:19 tot 22.

Hierdie afgesonderde tempel van YHVH wat gebou word, is die gemeente (die liggaam) van Yeshua. Soos Israel van ouds moet ons elkeen ook met ’n gewillige verstand, wil en emosie ’n bydrae aan יהוה bring vir die bou en vir die onderhouding van die gemeente. Hierdie bydraes behels ‘n groot verskeidenheid noodsaaklikhede wat nie net finansies insluit nie, maar ook die hulp (bydrae) van mense met sekere bekwaamhede, kunsvaardighede en bedieninge.

en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee, om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een. Ef. 4:11 tot 13

Eerstens moet die gemeente as tempel van YHVH geestelik versorg word totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een. Dan sal ons:

nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie,
maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in Die Gesalfde Een, wat die Hoof is
en vanuit Hom is die hele liggaam inmekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word. Ef. 4:11 tot 16.

Die volgelinge van Yeshua is die voortsetting van die gemeente van Israel wat betrokke was by die bou van die tabernakel. Ons moet bereid wees om soveel van alles te gee sodat daar oorvloed is. Ons lees wel ten opsigte van die gemeente van Handelinge die volgende:

Hulle het aangehou in die leer van die afgevaardigdes en is deelgenote gemaak in gebed en in die breking van die brood, as Liggaam.
Vrees en respek het op elkeen gekom en baie tekens en wonderwerke het deur die hand van die afgevaardigdes gebeur in Yerushalayim.
Almal wat vertrou het, was soos een en het alles gemeenskaplik besit
en die wat besittings gehad het, het dit verkoop en onder almal verdeel, volgens wat nodig was.

Voortdurend, dag vir dag, het hulle een van gees, ernstig aangehou in die tempel, van huis tot huis brood gebreek en hulle kos in vreugde ontvang en in eenvoudigheid van verstand, wil en emosie, geniet,
terwyl hulle God prys soos hulle omgee ontvang by al die mense. Ons Meester het daagliks, die wat tot lewe gekom het, by die gemeente gevoeg. Hand. 2:42 tot 47.

Die gesindheid van die volgelinge van Yeshua, naamlik van die gemeente, word vir ons verder beskryf in die tweede brief van Paulus aan die Korinthiërs, veral in hoofstukke 8 en 9. Dit is veral die Macedoniese gelowiges wat tot vandag die uitstaande voorbeeld is om met ‘n gewillige verstand, wil en emosie ’n bydrae aan יהוה te bring

Ons maak aan julle bekend, broers, die onverdiende guns van God wat aan die gemeentes van Makedonia gegee is:
onder baie toetse van stryd was hulle oorvloedig in blydskap en die diepte van hulle armoede is oorvloedig gemaak in die rykdom van hulle vrygewigheid,
want hulle was na vermoë, ek getuig dit, bo vermoë, uit hulleself gewillig.
Hulle het ons met groot erns gesmeek dat ons hulle geskenk en hulle deel in die bediening aan die afgesonderdes, moet ontvang
*en het nie slegs gedoen soos ons verwag het nie, **maar het hulleself eers aan ons Meester geoffer** en aan ons deur die wil van God,*
waardeur ons Titos versoek het dat hy, net soos hy reeds begin het, net so ook by julle hierdie geskenk moet voltooi. 2 Kor. 8:1 tot 6.

YHVH het ‘n volk deur Yeshua bymekaar geroep wat bereid is om soos die Macedoniërs eerstens hulself aan Hom te gee (Rom. 12:1 en 2), en tweedens, om ‘n bydrae te maak sodat hy wat oorvloed het nie te veel sal hê nie, en hy wat min het nie tekort sal hê nie.

maar dat volgens gelykheid julle oorvloed hulle tekort kan aanvul in hierdie tyd sodat ook hulle oorvloed julle tekort kan aanvul en daar gelykheid is. Soos geskrywe is: “Hy wat oorvloed gehad het, het nie te veel gehad nie en hy wat min gehad het, het nie tekort gehad nie”. 2 Kor. 8:14 en 15.

Hiermee het Paulus waarskynlik terug verwys na die insameling van die manna in Ex. 16:16 tot 18.

Dit is wat יהוה beveel het: ‘Laat elke man kos bymekaarmaak vir elke mond, ’n `omer vir elke kop, laat elkeen vat volgens die mense in sy tent’.”
Die seuns van Yisra’el het so gedoen: hulle het bymekaargemaak, sommige meer, ander minder,
maar toe hulle dit met die `omer meet, het hy wat baie bymekaargemaak het, niks oorgehad nie en hy wat min bymekaargemaak het, nie te min gehad nie. Elkeen na sy behoefte het hulle bymekaargemaak.

In F.B. Hole se *Commentary On The New Testament* verduidelik hy 2 Kor. 8:1 tot 8 soos volg:

> *The giving of the Macedonian believers was remarkable. Paul himself could bear witness that they gave according to their power. This in itself was a big thing. It means that having righteously discharged all their proper living expenses, they then gave up to the limit of their ability. They did more than this however. They gave beyond their power; that is, they denied themselves what might be considered proper living expenses in order to give to the*

Lord and His people. And this they did in the most willing-hearted way, begging Paul to accept the money and undertake the responsibility of having it distributed to the saints. They had caught the spirit that was exemplified when the tabernacle was to be made, and it was reported to Moses, "The people bring much more than enough for the service of the work, which the Lord commanded to make" (Exodus 36: 5).

Yeshua is ons voorbeeld wat ons moet navolg:

want julle ken die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het sodat julle deur Sy armoede ryk kan word. 2 Kor. 8:9.

Yeshua het arm geword sodat ons rykdom in 'n hemelse koninkryk mag hê.

Opsommend: YHVH het ons as'n koninklike Melgisédek priesterorde bymekaar geroep om 'n bydrae te lewer tot Sy gemeente sodat ons nie meer kinders sal wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie, maar sodat ons standvastig in liefde sal wees. Yeshua is die Melgisédek Hoofpriester oor Sy gemeente en vanuit Hom is die hele liggaam inmekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word (Ef. 4:14 tot 16).



Die Melgisédek-gemeente se organisasiestruktuur van die nuwe verbond kan soos volg voorgestel word (Norman Willis, www.nazareneisrael.org). Binne elke gemeente sal die vyfvoud bediening van apostel, profeet, evangelis, herder en leraar funksioneer (Ef. 4:11 tot 13).
1 Kor. 12:27 en 28 – *maar julle is die liggaam van Die Gesalfde Een en ledemate op julle plekke. God het in Sy gemeente geplaas: eerstens afgevaardigdes, na hulle profete, na hulle leermeesters, na hulle werkers van wonderwerke, na hulle gawes van gesondmaking, helpers, leiers en verskillende tale*

Bepeins of Bespreek

1. Yeshua se bydrae was om alles van Homself terwille van ons te gee. Wat is ons bereid om terug te gee? Yeshua was bereid om 'n dienskneg te word (Fil. 2:7)! Openbaar ons dieselfde gesindheid?

2. Beskou ons alles wat ons is en wat ons besit – hoe baie of hoe min – as die onverdiende guns van Vader en daarom as Sy eiendom?

3. Dit is vir Vader belangrik dat ons ‘n bydrae moet maak om die wese en die weduwees te versorg – Jak. 1:27. Doen ons dit? Onthou: YHVH is ‘n Vader van die wese en ‘n regter van die weduwees is God in sy heilige woning (Ps. 68:6)

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.